Heilbron
# Herald
*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*
WEEK 27 Deel 110
VRYDAG - 12 JULIE 2019
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Wen met jou foto!



*Vorige wenner van die jagfotokompetisie, Liandri van der Westhuizen, met 'n Elandbul wat sy met 'n 300 Winmag 180gr, 250m vêr geskiet het.*

Aangesien daar nog talle jagters in die veld is, is daar nog kans om te spog met jou top jagfoto van die seisoen. Die wenskoot beloon jou met 'n A3 canvas van Heilbron Herald, terwyl die naaswenner wegstap met 'n A4 canvas. Volg die eenvoudige stap deur jou jagfoto via Facebook-messenger vir die Heilbron Herald Facebook-blad te stuur. Daarna sal dit dan op die blad laai sodat soveel as moontlik reaksies gewerf kan word. Stuur vir ons 'n beskrywing oor die jagtog, bok en ervaring saam met die foto. Motiveer solank vriende en familie om jou foto te ondersteun. Foto-inskrywings sluit 30 Augustus om 09:00, geen fotos word na hierdie datum meer aanvaar nie. Die werwing van reaksies sal 2 September om 09:00 sluit. Teen 6 September sal die wenner aangekondig word. Vir enige verdere navrae skakel Jolandri of Lizzy by 058 852 3033. Sterkte aan al die deelnemers!

**Bepalings en voorwaardes:**

• Die deelnemer moet Heilbron Herald op Facebook volg om te kan inskryf.

• Heilbron Herald sal die kompetisie beoordeel, uit die inskrywings wat ontvang is teen 30 Augustus.

• Heilbron Herald se besluit ten opsigte van diegene wat deelneem en die keuse van die wenner is finaal. Geen korrespondensie met betrekking tot die kompetisie sal aangegaan word nie.

• Die wenner is self verantwoordelik om die prys te kom afhaal by Heilbron Herald. Verdere reëlings sal getref word.

## MISDAADverslag

• Lede van die gemeenskap word versoek om geen hulp van onbekende persone te aanvaar indien hulle kontantonttrekkings by ATM's doen nie. Dit blyk dat onbekende persone sekere kodes op die ATM insleutel en wanneer 'n onttrekking plaasvind, word slegs die bankkaart terugontvang, maar geen kontant nie. Die betrokke rekeninghouer ontvang dan later 'n boodskap dat daar wel kontant uit hulle rekeninge getrek is. Wees versigtig in hierdie verband.

• 'n Kop aan kop botsing tussen twee voertuie het Maandagaand omstreeks 19:00 sowat 10 km buite Heilbron op die Sasolburgpad plaasgevind. Die bestuurder van die Honda is oorgeplaas na Kroonstad-hospitaal. Die ander bestuurder het geringe beserings opgedoen. Albei voertuigbestuurders is afkomstig van Lesotho. Geen ander voertuie was in die ongeluk betrokke nie en geen ander beserings is aangemeld nie.

ULTIMO
AUCTIONEERS
(Langs Telwiedrè Voere)
Laerstraat • Heilbron
VEILINGSDATUMS
SATERDAG
27 Julie om 11:00
VRYDAG
9 Augustus om 11:00
Vir enige navrae of uit-die-hand verkope kontak
WOLTER 084 407 9394
*Implemente inskrywings is ook baie welkom.*

# Pensioenarisse moet onthou

Pensioenarisse wat kwalifiseer vir kortings op erfbelasting vir die nuwe munisipale belastingjaar wat op 1 Julie 2019 begin, moet onthou dat aansoeke vir die afslag skriftelik gedoen moet word voor 31 Augustus 2019.

Om te kwalifiseer moet die applikant die eienaar van die eiendom wees en dit self bewoon, ouer wees as 60 jaar of 'n ongeskiktheidspensioen ontvang en nie meer as een eiendom besit nie.

Die inkomste van die huishouding (d.w.s. applikant en gade) moet minder beloop as R7 500,00 per maand. Kortings word as volg bereken: op inkomste van R0,00 tot R4 040,00 per maand: 100% - op inkomste van R4 041,00 tot R4 460,00 per maand: 60% - op inkomste van R4 461,00 tot R6 950,00 per maand: 30% en op inkomste van R6 951,00 tot R7 500,00 per maand: 15%.

Aansoekvorms vir die korting is by munisipale kantore asook by die kantore van VF Plus Raadslid Phillip van der Merwe beskikbaar en pensioenarisse wat hulp met die aansoek benodig is welkom om Raadslid Phillip van der Merwe te kontak by 058 85 22041. Applikante moet verkieslik 'n afskrif van die aansoek maak en vra dat die munisipaliteit 'n datumstempel op die afskrif aanbring wanneer die aansoek ingedien word.

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135
BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"
AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/028173/07
NAVRAE: Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za
BKB LOUWID

TATA HEILBRON
VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!
NOU OOP VIR BESIGHEID!
TATA HEILBRON

# Koppies VLU bederf kinders

Die projek-tema van VLU hierdie jaar is "Bederf met pannekoek en pantoffels". Ons het die daad by die woord gevoeg en begin brei, sodat daar binne 'n maand 40 paar warm kouse en pantoffels voltooi is.

Die pantoffels en kouse is aan die Afrikaanse Christelike skool op die dorp oorhandig, waar 40 leerlinge tans onderrig word. Gesiggies was opgewonde en dankbaar vir die warm pantoffels en kouse en 'n heerlike warm vars gebakte pannekoek is terdeë geniet.

Tydens Koppies VLU se Mei-maand vergadering is kreatiewe verftegnieke aangeleer wat só aangewend kan word om artikels waaruit jy vir jouself 'n ekstra inkomste kan genereer te maak bv. verf tekkies, blikke, bottels, ens.

Louren Roux was die sameroepster en sy het elkeen gewys hoe om 'n geskenkhouertjie uit karton te vou.

Die VLU is 'n organisasie wat jou entoesiasties maak oor dinge en waar jy leer om jouself te verryk.



*Op die foto verskyn van die leerlinge, onderwysers en VLU lede.*

## terugblik



***HEILBRON HERALD, VRYDAG 15 FEBRUARIE 2013 - DIE TEER GAAN SPAT***

*Vir diegene wat gedink het Piercestraat word oorgeteer, jammer, dit gaan nie gebeur nie. Wat wel gebeur het is dat die konstruksiemaatskappy Haw & Inglis 'n toeslag gegooi het op Piercestraat om 'n kwaliteittoets op die teer te doen. Die beplanning is dat Langmarkstraat in volgende week sy nuwe teerlaag gaan kry. Op die foto bo is hulle besig met die toediening van die toetslaag in Piercestraat.*

# Beeste rig skade aan in Heilbron dorpstuine



*Talle inwoners se tuine het die afgelope tyd deurgeloop onder rondloperbeeste wat verwoesting gesaai het. Op die foto's bo kan gesien word hoe hulle die gras uittrap en blombeddings omkeer. "Groenvingers" is baie onsteld oor tuine en blomplante wat lank geneem het om mooi te word - nou moet hulle weer van nuuts af begin. Die SAPD was op die uitkyk om die diere te skut. Die eienaar van die beeste het hulle blykbaar kom haal, want daar is geen bees meer in sig nie.*

## HEILBRON Kliniek

*• SA Federation for Mental Health*

### MENTAL HEALTH FIRST AID

**How to help someone who is suicidal**

Mental health first aid is the help offered by someone who is usually not a medical professional, to a person experiencing a worsening of an existing mental health problem or in a mental health crisis. The first aid is given until appropriate professional help is received or until the crisis resolves.

**MENTAL HEALTH FIRST AID STEPS**

**Step 1: Prepare yourself**

Be aware of your own attitudes surrounding suicide and mental health problems. If the person you are talking to feels you are judging them they are less likely to open up.

**Step 2: Ask about thoughts of suicide**

The only way to be sure if someone is suicidal is to ask them directly. You could ask, "Are you having thoughts of suicide?" or "Are you thinking about killing yourself?"

**Step 3: Be supportive and understanding**

Make sure the person knows that you care and that you want to help them. Don't dismiss the person's feelings or their reasons for wanting to die, even it you do not understand them yourself.

**Step 4: Establish if there is immediate danger**

It is important to determine whether the person you are talking to is likely to harm themselves and whether they are in any immediate danger.

**Step 5: If suicide risk is present, keep the person safe**

If someone is in danger of taking their own life, take steps to keep them safe. Never leave them on their own. If you are unsure what to do call a 24 hour suicide help line.

**Step 6: Encourage seeking professional help**

Always encourage a person to seek professional help. Provide them with information on emergency numbers, suicide help lines, and mental health professionals.

***• SADAG 24 Hour Suicide Crisis Line 0800 567 567***
***SMS 31393***
***• Lifeline 24 Hour National Counselling Line 0861 322 322***
***www.safmh.org | info@safmh.org***
***Tel: +27(0)11 781 1852***

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 6 | 7 | | | 1 | | 8 | 9 |
| | 4 | | | 9 | 5 | 1 | 6 | |
| | 8 | | | 7 | 6 | 3 | | |
| | | | 6 | 4 | | 7 | 9 | |
| | 2 | | 7 | 1 | | | 4 | |
| | 9 | | 5 | | | 6 | | |
| | 5 | 8 | 9 | | | | | 6 |
| | | | | 6 | | 5 | 7 | 8 |
| 6 | | 1 | | | | | | |

**SUDOKU** - *Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.*

# Aandag alle ouers!

*• Heilbron Kliniek*

Na aanleiding van TB uitbraak in Koppies en Parys skole wil ons die ouers bewus maak van moontlike TB simptome.

**KINDERS MET TB SIMPTOME**

- Hoes vir meer as 2 weke sonder verbetering met behandeling.
- Aanhoudende koors vir 2 weke en meer.
- Onverklaarbare gewigsverlies.
- Uitputting (Altyd moeg).
- Nagsweet - deurdrenkend.

Kontak die naaste kliniek indien enige van hierdie simptome waargeneem word.

# KLEIN DORP



Ons het vir baie jare op dieselfde plek gewoon. Dieselfde uitsig gehad, na dieselfde kerk toe gegaan. Baie kere dieselfde pad gery.

**VIR AMPER TWINTIG JAAR LANK.**

Die dorp se elektrisiën het eens op 'n tyd langs ons gewoon. Elke Sondagmiddag, om 13:00, klokslag, het hy sy ou Cortina *ge-tune*. Naweek vir naweek. Mens sou sweer dat hy een of ander tyd sou ophou en tevrede sou wees met sy *mechanic* werk, maar helaas.

Een Sondagmiddag, so by drieuur, stap ek na die heining toe.

"Hallo!" roep ek bo die rookwolke en enjingebrul uit.

"Hallo!" Hy stap nader sonder om die enjin af te sluit.

"Kan ek help?" Hy skud sy *ghries*hande aan sy blou oorpakbroek af.

"Ja, ek dink so. Kan jy asseblief jou kar op 'n ander plek gaan diens?"

Ek kan hoor hoe snak hy na sy asem. Hy staar lank na my. Ek stap weer terug na my huis toe en hoor hoe hy agter my rug swets. En toe skakel hy die enjin af. Hy het dit nooit weer op 'n Sondag probeer *tune* nie.

Ek het nooit, in al daardie jare, gesien dat die gras op sypaadjies gesny en netjies gemaak word nie. Ek het die skool se werkers ruim beloon omdat hulle elke keer wanneer hulle die skool se sypaadjies met die *bush cutter* gesny het, myne ook gesny het.

Die straatlig voor die huis het in jare nie gebrand nie. Wanneer jy daaroor gekla het, was dit te duur om die lampe te vervang. Of die elektrisiën (die vet ene) kan dit nie nou doen nie. Of die proses is uitgekontrakteer.

Die enigste keer toe ek gesien het dat ons dorpie se straatligte almal brand, was twee weke voor die munisipale verkiesing. Toe het die dorp soos 'n baken in die nag geskitter, 'n pragtige skouspel wat jy van ver af kon sien. Die kerk was helder verlig: daar was 'n laning ligte tot daar. Prentjiemooi.

**TWEE DAE NÀ DIE VERKIESING WAS DIT DIESELFDE STORIE:** net die straatligte na die regerende party se raadslid se huis het gebrand. Dis al.

Ek kan onthou hoedat ek een Kersfees by my bediende in die *township* gaan water koop het. Groot emmersvol wat sy uit hulle put gehaal het. Omdat ons dorp nie water gehad het nie.

Ek het die Watermense se telefoonnommers op *speed dial* gehad: Die klep is stukkend, die werkers is besig om dit te vervang en die water behoort oor 'n uur weer aan te wees.

Ek wag langer as sy voorgeskrewe uur, en bel weer. maar hierdie keer iemand anders. Die pomp is af, hulle het nou net iemand gestuur om dit aan te sit. Die water behoort oor 'n uur weer aan te wees.

Ek wag langer as sy voorgeskrewe uur, en bel weer, maar hierdie keer iemand anders. Daar is nie water in die groot dam naby ons nie. Hulle dink die water sal seker eers môre terug wees.

Môre bel ek weer, en hierdie keer iemand anders. Die volgende liegstorie is beter as die vorige drie. En so gaan ons aan.

Die klein dorpie se munisipaliteit, is soos al die ander in die Vrystaat, pateties. Om die minste te sê. Behalwe vir die water en elektrisiteit wat nie daar is nie,

Baie keer was daar geen elektrisiteit nie. Dit het sommer net onverklaarbaar op 'n onverwagte tydstip afgegaan. Die dorp se elektrisiën kon dan nie die fout kom herstel het nie, want hy was te vet vir die emmertjie wat hom moes *op-jack* tot bo. Hy het dan onder gestaan en instruksies gestuur of gewag totdat daar 'n ander voertuig van die hoofkwartier af gestuur word. Dis nou ás hy enigsins iets wou doen, Want naweke het hy bloot net nie sy telefoon geantwoord nie. **SÒ HET ONS JARE LANK GEWOON.**

Verlede naweek het ons weer daar gaan kuier. Ek het eensklaps "my" dorpie deur ander se oë gesien.

Daar gaan niks in die dorp aan nie. Net mooi niks. Die enigste wat werk, is die vyf winkels wat deur Pakistanis bestuur word wat geld uit iets verdien. Blikkieskos, brood en melk. Sigarette en kerse (want daar is nie elektrisiteit nie), pasta en rys. En al vyf winkels verkoop presies dieselfde voorraad. Geen vars vrugte en groente nie.

Van die inwoners se erwe lyk ewe sleg: vullis, lang gras, oorgroeide tuine. Behalwe dat daar hier en daar 'n verslete *Gomma-gomma* stoel op die stoep staan.

In een tuin loop vier skape en blêr. In iemand anders se venster hang daar 'n stuk geel plastieksak uit: die enigste man in die dorp wie vensterruite vervang, is al vyf jaar gelede aan 'n hartaanval dood.

Daar is geen dokter of apteek in die dorp nie. Daar is wel twee kerke, waarvan die prediker al vergete se tyd gespog het hoe hy die ander kerk se lidmate afgerokkel het. Daardie ou spogter het nou vier families in sy kerk oor, en hy moes 'n tentmaker word.

Van strate is daar geen sprake nie. Daar is gate met stukkies teer rondom. Inwoners vertel dat die munisipaliteit 'n paar dae voor die verkiesing die gate met grond kom toegooi het. Wat niks gehelp het nie.

**MY HART HET GEHUIL TOE ONS DEUR "ONS" DORP RY.** Van die pragtige ou aftreeplekkie teen die koppie is daar weinig oor. Daar is meer om oor te ween as om oor bly te wees.

Ek voel ligter toe ons terugry Pretoria toe. Ek is nog nie mal verlief op Pretoria nie, maar daar is twee redes waarom ek ons huidige woonplek kies bo die vorige.

Ek hoef net 800 meter vanaf die huis te stap (of ry) tot by die naaste winkel waar ek kraakvars groente en vrugte kan kry. En ek kan die kraan oopdraai en daar stroom lewegewende water uit.

Sonder dat ek na allerhande verskonings moet luister.

My hart huil oor die verval van ons platteland. En deesdae die stede ook.

My hart huil oor die verval van ons land.

My hart huil oor my klein dorp.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Erediens
Kleuterkerk, Kategese, Sin Kol: Gemeentelike Ondersteuning,
Gemeentetee Blok 1, Gemeentevrouevergadering

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Erediens
Belydenisaflegging, Sin Kol: Vennootskappe: Lesotho
Kinderdiens in die saal, Kategese open, 10:30 Vergadering vrouelidmate

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Kol: Sending Heilbron, Katkisasie: Les 15, Diensbeurte: Wyk 6 & 7

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)
VBO Les 17

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,
Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Biduur Dinsdae om 10:00 /Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

# Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker Dienssentrum vir Bejaardes Reitz**

**Program vir week**

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**

***Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272***
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts.
Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**


Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.



## GEKLASSIFISEERD
Smalls

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Lizzy** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 13 Julie | 1 / 22 | Sonnig |
| So 14 Julie | 4 / 20 | Sonnig |
| Ma 15 Julie | 4 / 21 | Sonnig |
| Di 16 Julie | 4 / 21 | Sonnig |
| Wo 17 Julie | 3 / 20 | Sonnig |
| Do 18 Julie | 4 / 20 | Sonnig |
| Vr 19 Julie | 4 / 20 | Sonnig |
| Sa 20 Julie | 3 / 20 | Sonnig |
| So 21 Julie | 3 / 20 | Sonnig |
| Ma 22 Julie | 3 / 22 | Sonnig |
| Di 23 Julie | 3 / 22 | Sonnig |

## KENNISGEWING

**KENNISGEWING**

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE WILLEM HENDRIK STEYN,** Identiteitsnommer: 340729 5005 080 in lewe 'n afgetrede boer woonagtig te WOONSTEL 45, Huis Sorgvry, Clarkstraat, Reitz, 9810, getroud buite gemeenskap van goedere met MAGRIETHA SUSANNA STEYN, Identiteitsnommer: 421029 0030 080.
**Datum van afsterwe: 4 Desember 2017**
**Boedelnommer: 004206/2018**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ, 9810**

## BESIGHEIDSURE

**Maandae tot Donderdae -** 07:30 tot 17:00
**Vrydae -** 07:30 tot 16:30
**Saterdae -** 08:30 tot 13:00
Verskeidenheid A3, A4 en A5 rame nou beskikbaar.
Herald Office National
**Elsstraat 44 • Heilbron • 9650**
**Tel: 058 852 3033**
**E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za**

## DIENSTE

### BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON
***PLEK: N.G Kerksaal (Suid)***

- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019 (Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en lang naweek).
- 26 November 2019




## TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by**
**Magda Bierman 083 292 1503**

## TE KOOP

**TUPPERWARE TE KOOP**
Vir bestellings kontak
**Jolandri 079 846 1075**
**Heilbron**

**Spertyd vir koerant is Woensdae om 10:00. Vir enige advertensies en artikels kontak gerus vir Jolandri by 058 852 3033.**

**BAAL VAN OESRESTE**
Baal van mielie-reste of bone.
Petrus Steyn, Heilbron, Frankfort en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring**
**082 851 6158**
**Piet Meiring**
**082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

**Affordable FUNERAL & SOCIETY PLAN cover. Contact Mariaan @ 41 Breë Street for more info. HSFIN**

**HEILBRON KLINIEK**
Griepspuite nou beskikbaar by kliniek.

## JAAR-BEPLANNER

**AUGUSTUS**
*2-3 Boeretreat*
*21 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

**SEPTEMBER**
*18 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

**OKTOBER**
*12 SPAR-Gholfdag*
*23 Huis-en Tuinbouklub vergadering*

***Ons hoor graag van jou***
Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.

## EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
*Vir die beste transaksies en diens*
**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**

## TE KOOP




## ADVERTENSIEKOSTES
Mini Small R50-00 (± 15 woorde)
Small R100-00 • Small met raam R115-00

## VOLKLEUR ADVERTENSIES
1/4 blad R1 990-00 • 1/2 blad R3 990-00
Volblad R7 990-00 *(Pryse sluit BTW in)*
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033 | Faks: 058 853 0140**
**heraldnuus@heilbron.co.za**

## Sukkel u om te hoor?
***Marna de Beer 'n gekwalifiseerde Oudioloog van Hear4life besoek Heilbron nou maandliks.***
***Die volgende besoek: 19 Julie 2019***
Hear4Life

**DIE VOLGENDE DIENSTE IS BESKIKBAAR:**
- Gehoortoetse
- Gehoorapparate
- Gehooradvies
- Gehoorapparaat batterye beskikbaar @ R30 per pakkie

**Vir enige verdere navrae kontak**
**Ellen Marais 079 879 4852.**

## ROLSTOEL PROJEK
Kom help ons om bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

### T800 EXECUTIVE VISITORS CHAIR IN BLACK BONDED LEATHER.



**Bright Aluminium Frame - R2 995 Vat included.**

**3 year warrantee excludes normal "wear & tear" - *While stocks last.***

Herald Office National
**Elsstraat 44**
**Heilbron • 9650**
**Tel: 058 852 3033**
**E-Pos: john@heilbron.co.za**




**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**










# Britz seun presteer op rugbyveld

Handré Britz (Bees), leerder van Hoërskool Heilbron het die afgelope naweek in Pretoria by Hoërskool De Wilgers vir die B-Span gespeel. Hy het een volle wedstryd gespeel, eers haker, daarna loskopstut en het 'n goeie wedstryd gehad. Daar is vier spelers van die B-span op bystand om te gaan toer na Namibië in die laaste week van die September skoolvakansie. Baie sê hy het vir die verkeerde span uitgedraf, asook die verkeerde kant van die span. Geluk ou Bees, mag jou drome waar word. Hou Heilbron se naam hoog.

Bees is 'n 0/13 rugbyspeler van Hoërskool Heilbron wat gekies is vir die Vaaldriehoek streekspan wat van 24 tot 28 Junie 2019 in Naboomspruit deelgeneem het.

25/6 Noord Transvaal Noord verloor 5-0.

26/6 Wes Transvaal gewen 26-12.

27/6 Verre Noord verloor 19-12.

Finale Natal gewen 17/7.

Dankie vir alle afrigters en borge se bydrae. Dankie Heilbron gemeenskap.



# LANDBOUverslag

## Statistieke SA - Vraelyste

Daar is onlangs berigte ontvang van Statistieke Suid-Afrika (Stats SA) wat besoeke aan landbouers gaan hervat. Grondeienaars het die geleentheid gekry om hul vraelyste per e-pos in te vul. Al het hulle aangedui dat hulle vraelyste elektronies wil invul en terugstuur gaan landbouers steeds besoeke ontvang. Dit lei nadat omtrent 90% landbouers wat aange-dui het dat hulle die vraelyste per e-pos wil voltooi, nie binne 10 dae gereageer het nie - voltooide vraelyste is nie teruggestuur nie. “Ons moedig dus landbouers aan om vraelyste so gou as moontlik terug te stuur om te voorkom dat hulle besoek word.

"Selftelling is ook ons voorkeur-metode vir die insameling van inligting, omdat dit die mees doeltreffende en koste-effektief is.” het 'n projekdirekteur van Stats SA aan Vrystaat Landbou genoem. Stats SA het blykbaar reeds boodskappe per e-pos en SMS aan landbouers begin stuur sodat hulle die vraelyste kan begin voltooi.

Dit is belangrik dat landbouers aan die sensus deelneem, omdat akkurate inligting nodig is vir georganiseerde landbou om vir doeltreffende beleid te beding.

Verder noem die projekdirekteur dat die besoeke per area gereël word. Voordat enige landbouers deur Stats SA besoek gaan word sal hulle elektronies gekontak word om 'n afspraak te reël met persone wat daartoe ingestem het. Stats SA se voertuie sal gemerk wees en beamptes sal geïdentifiseer kan word deur ID-etikette, sakke, pette en klere met 'n Stats SA-logo daarop.




Daar het reeds 'n vergadering plaasgevind tussen Stats SA se nasionale afdeling om sekere kwessies aan te spreek rondom die sensus.

# Dien jou aansoek in vir Fidelity Kameras

*• Ontvang vanaf Vrystaat Landbou*

Landbouverenigings en gebiedskantore van Vrystaat Landbou (VL) kan nou aansoeke indien oor kostes vir die oprigting van kamerastelsels in hul gebiede. Hiervoor het VL en Fidelity ADT, met wie daar in April 2019 'n ooreenkoms begin is om misdaad voorkomend aan te spreek, 'n pro forma aansoekvorm ontwerp en kan kwotasies op dié manier aangevra word. Volgens dr Jane Buys, Veiligheidsrisiko-analis van VL, gaan hierdie vorms binnekort aan landbouverenigings en gebiedskantore gestuur word. Dit moet aan VL, wat ook sy streke se veiligheidsverteenwoordigers daaroor sal inlig, teruggestuur word, waarna dit aan Fidelity ADT deurgegee word. 'n Fidelity-verteenwoordiger sal dit verder hanteer en deurgee aan VL se Veiligheidskomitee om met die betrokke landbouvereniging of gebiedskantoor te kommunikeer. “Die rede vir hierdie proses is om seker te maak daar kan opgevolg word indien 'n probleem ontstaan,” sê Buys. “Die doel is ook om toe te sien dat daar op papier van die hele proses rekord gehou word, hoe dit vorder en of dit suksesvol afgehandel is.” Volgens Jakkals le Roux, Voorsitter van die Landelike Veiligheidskomitee by VL, gaan aansoeke vir kamerastelsels in landelike gebiede vir eers konsentreer op nasionale-, primêre, sekondêre- en tersiêre paaie. Vir GPS lesings, moet die “grade, minute en sekondes” stelsel gebruik word, sê hy. Kwotasies moet nie onnodig duur, met verkeerde of ekstra installasies, gemaak word nie. Veral waar sogenaamde duur Licence Plate Recognition kameras geïnstalleer moet word, moet dit as 'n primêre toegang en uitgangsroete aangedui word. Vir die invul van die aansoekvorm waar GPS punte benodig word, kan Google Maps gebruik word om die GPS lesing te bekom. Hier moet die “grade, minute en sekondes” stelsel gebruik word. Dit moet op die aansoekvorm aangedui word, asook watter elektriese kragpunt beskikbaar is en of daar dalk van sonpanele gebruik gemaak moet word. Aansoekvorms en kwotasies vir befondsing van Agri Securitas het 'n eie prosedure en vorms wat voltooi moet word. Die landelike-beveiligingsplan, asook wanneer 'n inoefening plaasgevind het, vorm deel hiervan en moet via die streek se veiligheidsverteenwoordiger aan VL se Veiligheidskomitee gekommunikeer word. Dié komitee sal dit weer aan Agri SA deurstuur. Buys sê dit is ook belangrik om daarop te let dat landbouverenigings en gebiedskantore versekering moet bekom vir sulke kamerastelsels.



# Bestry brande

## Boere het nog kans om voorbrande te maak tot 31 Julie 2019

Brandbare materiaal, wind en koue, verhoog die kanse vir veldbrande geweldig baie. Daarom moet landbouers gereed wees vir wanneer veldbrande in die wintermaande voorkom. Boere en ander landbouers moet ten alle tye seker maak dat hul toerusting om brande te beveg in werkende toestande en altyd beskikbaar is.

Vergewis jouself van die FDI-Indeks (Fire Danger Index) voordat voorbrande gemaak kan word.

Die sperdatum vir voorbrande is as gevolg van die laat seisoen hierdie jaar uitgestel tot 31 Julie. Landbouers wat daarna voorbrande wil maak moet 'n spesiale permit kry.

### HIER VOLG DIE REËLS VAN DIE BRANDBESTRYDINGS VERENIGING:

Breedte en plek van brandbane: Elke grondeienaar moet 'n brandbaan van 'n minimum wydte van vier meter op sy/haar kant van 'n grenslyn maak. Binne-brandbane moet die plaas in dele van ongeveer 500 hektaar verdeel. Hierdie brandbane moet 'n minimum wydte van 4 meter wees. Natuurlike grense, bv. riviere en heuwels, asook infra-strukture soos paaie en spoorlyne kan as grens-brandbane dien.

Die betrokke grondeienaars moet hul gesamentlike ooreenkoms om brandbane weg van die gemeenskaplike grens te maak op skrif stel en dit behoorlik op kaart aanteken. Die sektorleier moet die ooreenkoms endosseer. Hierdie ooreenkoms moet deur die brandbeheerbeampte goedgekeur word.

### MAAK VAN BRANDBANE OF BLOK BRANDE:


Geen brand van brandbane mag gedurende 'n naweek, publieke vakansiedag of op die dag wat 'n naweek of vakansiedag voorafgaan, gebrand word nie. Geen brand van brandbane sal toegelaat word indien die brandgevaar indeks 55 geel of hoër is nie. Geen brand van brandbane sal toegelaat word indien die voorspelling vir die dag na die brand 55 geel of hoër is nie.

Goedkeuring moet ten minste vyf dae voor die datum van beoogde voorbrand van brandbeheerbeampte verkry word. Enige goedkeuring mag teruggetrek word indien die weervoorspelling toestande voorspel wat hoër is as wat oorspronklik voorspel is. Alle bure moet ten minste 14 dae voor die bepaalde brand skriftelik van sodanig brand verwittig word. Die brandbeheerbeampte moet in kennis gestel word sodra die brand begin en wanneer dit klaar gebrand is. Die plaaslike Polisie moet in kennis gestel word sodra die brand begin en wanneer die brand klaar is.

### VOORSORGMAATREËLS NA BRAND:

Die gebied wat gebrand is moet vir 'n minimum tydperk van 24 uur behoorlik gepatrolleer word met die doel om alle smeulende voorwerpe binne een meter van die kant van die brand met water nat te hou. Spesiale aandag moet aan smeulende bome en miskoeke gegee word.

Alle brande moet vir 'n minimum tydperk van 48 uur patrolleer word, om moontlike opvlamming te voorkom.






# SPORTverslag

# "Om die Koppie" hindernis

Heilbron Ruiterklub, wat alreeds 20 jaar bestaan, nooi hiermee almal uit na hulle jaarlikse JULIE geleentheid, hierdie jaar genome "Om die Koppie" te Vegkopterrein wat geleë is in die Riemlandstreek. Dit is dan nou ook hier waar die slag van Vegkop in Oktober 1836 plaasgevind het.

Vir die "Dress Up" besluit jy op jou eie tema, gepas vir die dag. Daar sal weer ietsie te eet en te drink te koop aangebied word op die terrein.

Ruiters skryf hierdie jaar in as 'n span van twee. Die roete van ongeveer 15km, skop af by die Vegkopterrein met 'n kort hindernis-baan. Dit strek dan oor sewe plase. Vegkopterrein is drie Titelaktes, Vegkop - Oos (Johnny), Doringhoek + Enkeldoringdam (Retha) en Hertzog (Tannie Christine) en die Vegkopspruit vind ook sy weg deur van hierdie plase. As jy met jou perd die roete gaan stap gaan jy ongeveer 6km per uur vorder. Indien jy met jou perd draf sal die gemiddelde spoed min of meer 13km per uur wees. Die roete strek oor die Vegkop- plato waar jy in die skadu van 'n wit stinkhoutboom ietsie kan drink en die Goya hutte kan besigtig. Heilbronners kan gerus hulle dansskoene solank afstof en die dag saam met die ruiters kom afsluit met 'n heerlike dans. Bring 'n mandjie met eie eet-, drinkgoed en eetgerei saam. Vure sal ook beskibaar wees vir diegene wat wil braai.

Vir verdere navrae kontak gerus vir Eddie Swart by 082 449 9113.






# HEILBRON Duiweklub

Veertien dae gelede se wedvlug het plaasgevind vanaf Toms Place, net anderkant Bloemfontein by die ou Tierpoort-dam. Dit was mooiweer en kon die duiwe vinnig vlieg teen 'n gemiddelde spoed van 80km per uur. Danie Els het die 1ste 3 plekke in die ope wedvlug verower en Zenith B in die jong duif wedvlug het die wenduif geklok. Die duiwe het opmekaar ingekom en die 1ste 20 duiwe is binne 2 minute geklok.

**TOMS PLACE JO**

1. Zenith A, 2. Stemmett Hokke, 3. D Els, 4. D Els, 5. Crause & Seun, 6. Zenith B, 7. Zenith B, 8. Zenith B, 9. F Viviers, 10. Zenith A.

**TOMS PLACE OPE**

1. D Els, 2. D Els, 3. D Els, 4. Zenith B, 5. D Els, 6. F Viviers, 7. F Spangenberg 8. Zenith B, 9. F Viviers, 10. F Spangenberg.

---

Verlede Saterdag was die wedvlugte vanaf Springfontein oor 'n afstand van 393km. Hulle het 'n ligte wind van agter gehad en die duiwe het opmekaar gekom.

Frik Viviers het beide die ope- en jongduif wedvlugte gewen.

**SPRINGFONTEIN JO**

1. F Viviers, 2. Zenith A, 3. Zenith B, 4. D Els, 5. Crause & Seun, 6. Zenith B, 7. Zenith B, 8. Zenith B, 9. F Viviers, 10. Zenith A.

**SPRINGFONTEIN OPE**

1. F Viviers, 2. Zenith B, 3. Zenith B, 4. Zenith B, 5. Zenith A, 6. D Els, 7. F Viviers 8. F Viviers, 9. Zenith B, 10. Zenith A.

# KRANSFONTEIN Resiesduifklub

Hier volg die eerste vier naweke se uitslae:

**WEEK 1: BLOEMFONTEIN**

Daar het 552 duiwe deelgeneem.

1ste - Aces Raising Pigeons, 2de - Aces Raising Pigeons, 3de - Aces Raising Pigeons, 4de - Spartan Pigeons, 5de - Spartan Pigeons.

**WEEK 2: EDENBURG**

Daar het 565 duiwe deelgeneem.

1ste - Wolmarans Hokke, 2de - FED Hokke, 3de - Spartan Pigeons, 4de - Spartan Pigeons, 5de - Spartan Pigeons.

**WEEK 3: TROMPSBURG**

Daar het 533 duiwe deelgeneem.

1ste - FED Hokke, 2de - Griesel Hokke, 3de - Spartan Pigeons, 4de - Spartan Pigeons, 5de - Spartan Pigeons.

**WEEK 4: SPRINGFONTEIN**

Daar het 532 duiwe deelgeneem.

1ste - Spartan Pigeons, 2de - Spartan Pigeons, 3de - Spartan Pigeons, 4de - FED Hokke, 5de - Spartan Pigeons.

Al hierdie vlugte was vinnige vlugte en die eerste 80 duiwe is binne 10 minute geklok.





BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 15 JULIE 2019

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 16 JULIE 2019

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Boeta Maree 073 949 8786

DONDERDAG - 18 JULIE 2019

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

VREDE : CHARFONTEIN DOHNE MERINO STOET
535 Dohne Merino skape
11:00, Humania, Vrede
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

VRYDAG - 19 JULIE 2019

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

BKB LOUWID

